
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# DRAMATIESE KUNSTE

**NOVEMBER 2025**

DRAMATIESE KUNSTE

10680A

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

X10

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Europese Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na EEN van die toneeltekste hieronder wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Europese Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 2: *Woza Albert!* — Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* — Junction Avenue Theatre Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* — PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 5: *Nothing but the Truth* — John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* — Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* — Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling is VERPLIGTEND. Beantwoord VRAAG 8 en 9.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: 20ste-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS**

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A: PRENTE WAT REAKSIES OP 20STE-EEUSE DENKE WEERSPIEËL**




[Bron: Eksaminators]

Die 20ste eeu het die mensdom aangrypend beïnvloed: twee wêreldoorloë, maatskaplike en ekonomiese depressie, 'n verlies aan geloof en 'n betekenislose bestaan. Daar was 'n behoefte om die denkwyse van gemeenskappe vir 'n meer betekenisvolle bestaan en hoop vir die toekoms te verander. Ons staan vandag voor soortgelyke kwessies.

Bespreek, in 'n opstel, hoe die toneelteks en die relevante 20ste-eeuse Teaterbeweging (Teater van die Absurde, Epiese Teater of Postmoderne Teater), wat jy hierdie jaar bestudeer het, in BRON A en in die stelling hierbo weerspieël word.

Sluit die volgende in:

- Die sosiopolitieke en ekonomiese konteks
- Temas en boodskappe
- Hoe jy EEN toneel uit die toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het, in die oorspronklike teaterbewegingstyl sal uitbeeld

Skryf die titel van die toneelteks en die 20ste-eeuse Beweging (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) wat jy bestudeer het, aan die begin van jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling (VRAAG 2 OF 3 OF 4).

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B: 'N TONEEL UIT *WOZA ALBERT!***

*Lights reduce to spotlight the boxes. Actors turn their hat brims up. Mbongeni spins his hand above his head. Helicopter sounds. They are in a helicopter, looking down.*

PERCY: *(Mimes radio)* Radio 1254 CB receiving, over. What? That's impossible! Are you sure? Okay, over and out. Hey, What do you see down below?

MBONGENI: *(Miming binoculars)* Oh, it's a beautiful day down below. Birds are flying, swimmers are swimming, waves are waving. Hey! Morena's walking on water to Cape Town! Ag shame! His feet must be freezing! Hey, I wish I had my camera here!

PERCY: This must be the miracle of the decade!

MBONGENI: Ag, I always forget my camera!

PERCY: Down! Down! Radio 1254 CB receiving, over. Yes, we've got him. Yeah, what? Torpedo? Oh no, have a heart! He's not even disturbing the waves! Ja, I wish you could see him, he looks amazing!

MBONGENI: *(Nodding frenetically into mike)* Ja jong, ja. [Yes, man, yes!]

PERCY: What? Bomb Morena? Haven't you heard what they say? You start with Morena and it's worse than an atom bomb! Over and out!

[Bron: *Woza Albert!*]

2.1 Identifiseer die karakters wat deur Percy en Mbongeni in BRON B vertolk word. (2)

2.2 Verduidelik hoekom die beligtingskeuse (reël 1) gepas is om die toneel in BRON B uit te beeld. (2)

2.3 Stel voor hoe Percy reëls 3–5 kan opvoer. (6)

2.4 Beskryf die gebruik van mimiek in BRON B. (4)

2.5 Ontleed Morena se rol in die toneelstuk. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.6 In die teater kan handelinge meer as woorde sê.

2.6.1 Motiveer hoe die handeling in BRON B spanning in die toneelstuk kan opbou. (2)

2.6.2 Bespreek hoe die gebeure wat op die toneel in BRON B volg, die gehoor se reaksie op die toneelstuk moontlik kan beïnvloed. (4)

2.7 Skryf 'n kort toespraak/gedig/monoloog (6–8 reëls) om jou klas in te lig oor of die toneelstuk vir jou as 'n jong mens wat in Suid Afrika woon, belangrik is. (6)

2.8 Evalueer hoekom die toneelstuk, *Woza Albert!*, moontlik deur gehore wêreldwyd waardeer kan word, alhoewel die toneelstuk oor die stryd van die mense van 'n spesifieke tydperk in Suid-Afrikaanse geskiedenis handel. (10)

**[40]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C: 'N TONEEL UIT *SOPHIATOWN***

*[Enter Mingus and Charlie. They are in a panic. They're carrying piles of boxes. There is an immediate uproar.]*

MINGUS: Make space! Make space! We got work to do.
*[Enter Ruth in a nightdress.]*
RUTH: What's going on?
LULU: What's all these boxes?
JAKES: What's the story, Mingus?
MINGUS: Come help! Don't just stand there. Get these boxes in – com'on. Hey, hoendervleis, kom help. *[Hey, chicken-flesh, come help.]*
*[Exit Mingus, Lulu, Ruth and Charlie to carry more boxes. Enter Mamariti.]*
MAMARITI: What's happening? It's five o'clock in the morning.
JAKES: Toby Street removals, Ma. Three days early.
*[Exit Mamariti, enter Mingus.]*
MINGUS: Don't just stand there, Jakes, come and help.
JAKES: What's the story Mingus?
MINGUS: There's no story. Work for your living for a change! Have you ever done a stroke of honest work? No! Just sit down and tik-tik-tik all day. Kom, help. *[Come, help.]*

[Bron: *Sophiatown*]

3.1 Stel voor hoekom die karakters in BRON C in 'n paniekerige toestand is (reël 1). (2)

3.2 Verduidelik hoe 'n akteur wat die karakter van Jakes vertolk, reëls 7 en 15 kan opvoer sonder om eentonig te klink. (4)

3.3 Identifiseer 'n rekwisiet wat die tema van gedwonge verskuiwings moontlik kan simboliseer. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.4 Beskryf die beligting wat moontlik gebruik kan word om die tyd van die dag aan te dui, soos in BRON C (reël 11) uitgebeeld. (2)

3.5 Ontleed Ruth se rol in die toneelstuk. (4)

3.6 In die teater kan handelinge meer as woorde sê.

3.6.1 Motiveer hoe jy die regie van die handelinge in die toneel in BRON C sal hanteer. (6)

3.6.2 Bespreek hoe die gebeure, wat op die toneel in BRON C volg, die gehoor se reaksie op die toneelstuk kan beïnvloed. (4)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.7 Skryf 'n kort toespraak/gedig/monoloog (6–8 reëls) in reaksie op Jakes se vraag: 'What's the story, Mingus?' (reëls 7 en 15). (6)

3.8 Evalueer hoekom die toneelstuk, *Sophiatown*, moontlik deur gehore wêreldwyd waardeer kan word, alhoewel die toneelstuk oor die stryd van die mense van 'n spesifieke tydperk in Suid-Afrikaanse geskiedenis handel. (10)
**[40]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON D: 'N TONEEL UIT *SIENER IN DIE SUBURBS*

*(Daar's 'n slag in die huis, Tiemie gil, 'Sugar, Sugar' raak skielik stil. Ma ruk aan die agterdeur, pleit tussendeur.)*

MA: Tjokkie, help!

TJOKKIE: Ek het alles bewetter *(Hy mompel.)* Alles my skuld … alles bewetter … *(Hy gaan na die motor, kruip onder hom in nadat hy die domkrag oopgedraai het.)*

MA: TJOKKIE! *(Die domkrag sis stadig laer, die gesis word versterk deur klankeffekte. Ma nog by die deur, Jakes kom uit met die kanseldoek in sy hande. Hy gooi dit in Ma se gesig.)*

JAKES: *(Bo die gesis uit)* Daar's jou verdomde love. *(Ma staan tussen haar kinders, sy weet nie na wie toe om te gaan nie. Die gesis word oorverdowend, Jakes se motorfiets brul en ook dit word by die geluid gevoeg. Wanneer die geluid tot 'n crescendo groei, druk Ma haar ore toe en nog steeds met die kansellap in haar hande, staan sy in die middel van die verhoog, haar ore toegedruk, die lap teen haar gesig. Die geluid verloor krag, daal tot absolute stilte. Pouse.)*

MA: *(Kyk na die doek in haar hande.)* Daar's bloed aan … daar's altyd net bloed aan …

[Bron: *Siener in die Suburbs*]

4.1 Som die gebeure op wat tot Ma se oproep om hulp (reël 3) lei. (2)

4.2 Regverdig Tjokkie se stelling: 'Ek het alles bewetter ...' (reël 4). (4)

4.3 Stel voor hoe 'n akteur wat Tjokkie vertolk, reëls 4–6 fisiek en/of met stemverwerking kan opvoer om sy gevoelens oor te dra. (4)

4.4 Verduidelik hoe die toneelaanwysings of die klankeffekte in BRON D tot die opbou van spanning in hierdie toneel bydra. (4)

4.5 Beskryf hoe jy beligting in die toneel in BRON D kan gebruik om 'n emosionele band met die gehoor te skep. (4)

4.6 Motiveer hoekom die toneel in BRON D as die klimaks van *Siener in die Suburbs* beskou kan word. (6)

4.7 Skryf 'n kort toespraak/gedig/monoloog (6–8 reëls) wat die gedagtes en gevoelens van Ma in reëls 18–19 weerspieël. (6)

4.8 Evalueer hoekom die toneelstuk, *Siener in die Suburbs*, moontlik deur gehore wêreldwyd waardeer kan word, alhoewel die toneelstuk oor een spesifieke Suid-Afrikaanse familie en hulle eie persoonlike stryd handel. (10)

**[40]**

TOTAAL **AFDELING B: 40**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling (VRAAG 5 OF 6 OF 7).

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON E: 'N AKTEUR SE JOERNAAL




[Bron: Eksaminators]

Jy het 'n rol in 'n produksie van *Nothing but the Truth* gekry en die joernaal van jou ervarings bygehou.

5.1 Gee die naam van die karakter wat jy vertolk het. (1)

5.2 Definieer die volgende teaterterme wat jy in jou joernaal gebruik het:

- Agterverhoog
- Volledige kleedrepetisie (4)

5.3 Beskryf, stap vir stap, 'n opwarmingsoefening wat jy gebruik het om jou senuweeagtigheid te bowe te kom. (3)

5.4 Noem TWEE rekwisiete en TWEE meubelstukke wat jy by die skets, wat jy in jou joernaal geteken het, kan voeg om dit 'n meer akkurate uitbeelding van die dekorstel van *Nothing but the Truth* te maak. (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.5 Ontleed hoe die dekorstel van die toneelstuk die lewens van die karakters wat daarin woon, weerspieël. (4)

5.6 Stel voor hoekom die gehoor in jou skets in 'n ouditorium sit wat verdonker is om na die toneelstuk te kyk. (4)

5.7 Bespreek hoe jy die DRIE Stanislavski-tegnieke wat in jou joernaal genoem is (emosionele geheue, magiese as ('if') en aandagkringe), toegepas het. (6)

5.8 Motiveer hoekom dit vir 'n Dramatiese Kunste-leerder waardevol is om 'n joernaal te hou. (4)

5.9 Dink na oor of *Nothing but the Truth* dekades nadat dit geskryf is, steeds relevant is of nie. Verwys na die toneelstuk se karakters, temas en boodskappe. (10)
**[40]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F: 'N AKTEUR SE JOERNAAL**




[Bron: Eksaminators]

Jy het 'n rol in 'n produksie van *Groundswell* gekry en die joernaal van jou ervarings bygehou.

6.1 Gee die naam van die karakter wat jy vertolk het. (1)

6.2 Definieer die volgende teaterterme wat jy in jou joernaal gebruik het:

- Agterverhoog
- Volledige kleedrepetisie (4)

6.3 Beskryf, stap vir stap, 'n opwarmingsoefening wat jy gebruik het om jou senuweeagtigheid te bowe te kom. (3)

6.4 Noem TWEE rekwisiete en TWEE meubelstukke wat jy by die skets, wat jy in jou joernaal geteken het, kan voeg om dit 'n meer akkurate uitbeelding van die dekorstel van *Groundswell* te maak. (4)

6.5 Ontleed hoe die dekorstel van die toneelstuk die lewens van die karakters wat daarin woon, weerspieël. (4)

6.6 Stel voor hoekom die gehoor in jou skets in 'n ouditorium sit wat verdonker is om na die toneelstuk te kyk. (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.7 Bespreek hoe jy die DRIE Stanislavski-tegnieke wat in jou joernaal genoem is (emosionele geheue, magiese as ('if') en aandagkringe), toegepas het. (6)

6.8 Motiveer hoekom dit vir 'n Dramatiese Kunste-leerder waardevol is om 'n joernaal te hou. (4)

6.9 Dink na oor of *Groundswell* 'n dekade en 'n half nadat dit geskryf is, steeds relevant is of nie. Verwys na die toneelstuk se karakters, temas en boodskappe. (10)
**[40]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G: 'N AKTEUR SE JOERNAAL**




[Bron: Eksaminators]

Jy het 'n rol in 'n produksie van *Mis* gekry en die joernaal van jou ervarings bygehou.

7.1 Gee die naam van die karakter wat jy vertolk het. (1)

7.2 Definieer die volgende teaterterme wat jy in jou joernaal gebruik het:

- Agterverhoog
- Volledige kleedrepetisie (4)

7.3 Beskryf, stap vir stap, 'n opwarmingsoefening wat jy gebruik het om jou senuweeagtigheid te bowe te kom. (3)

7.4 Noem TWEE rekwisiete en TWEE meubelstukke wat jy by die skets, wat jy in jou joernaal geteken het, kan voeg om dit 'n meer akkurate uitbeelding van die dekorstel van *Mis* te maak. (4)

7.5 Ontleed hoe die dekorstel van die toneelstuk die lewens van die karakters wat daarin woon, weerspieël. (4)

7.6 Stel voor hoekom die gehoor in jou skets in 'n ouditorium sit wat verdonker is om na die toneelstuk te kyk. (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

7.7 Bespreek hoe jy die DRIE Stanislavski-tegnieke wat in jou joernaal genoem is (emosionele geheue, magiese as ('if') en aandagkringe), toegepas het. (6)

7.8 Motiveer hoekom dit vir 'n Dramatiese Kunste-leerder waardevol is om 'n joernaal te hou. (4)

7.9 Dink na oor of *Mis* dekades nadat dit geskryf is, steeds relevant is of nie. Verwys na die toneelstuk se karakters, temas en boodskappe. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**VRAAG 8 en 9 is VERPLIGTEND.**

**VRAAG 8**

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H: 'N WEERSPIEËLING VAN DIE 20ste-EEUSE ANTI-REALISME BEWEGINGS IN DIE TEATER**




[Bron: Eksaminators]

Jy moet 'n klas aanbied oor die 20ste-eeuse Anti-Realisme-bewegings wat jy bestudeer het.
**(Verwys na 'n ANDER TEATERBEWEGING as die een wat jy in jou opstel in VRAAG 1 bespreek het.)**

8.1 Identifiseer EEN Anti-Realisme-beweging wat jy bestudeer het en noem EEN dramaturg of praktisyn wat met hierdie beweging geassosieer word. (2)

8.2 Beskryf die Anti-Realisme-beweging wat jy in VRAAG 8.1 geïdentifiseer het. (4)

8.3 Motiveer of BRON H moontlik 'n gepaste prent is om in jou klas te gebruik. (4)

8.4 Vergelyk en bespreek, in 'n tabel, hoe Realisme in die Teater *anders* is as die Anti-Realisme-beweging wat jy gekies het. Verwys na verhoog, karakters, dekorstel, intrige en temas. Die opskrifte in jou tabel moet KOLOM 1 – REALISME IN DIE TEATER en KOLOM 2 – DIE ANTI-REALISME-BEWEGING wat jy gekies het, wees. (10)
**[20]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 9**

Die nuwe Minister van Kuns en Kultuur het fondse beskikbaar gestel vir die teaterbedryf en gemeenskappe om nuwe toneelstukke vir 'n fees te skep. Die doelwitte van die toneelstukke is om die alledaagse probleme van mense te identifiseer en om kreatiewe oplossings hiervoor te vind. Jy het besluit om jou voorlegging in te dien.

9.1 Identifiseer die hoofkwessie of probleem wat jy in jou toneelstuk wil beklemtoon. (2)

9.2 Skryf 'n sinopsis van die storie/idee van jou toneelstuk deur na die begin, middel en einde te verwys. (6)

9.3 Gee jou toneelstuk 'n titel. (2)

9.4 Beskryf die volgende in die opvoering van jou toneelstuk:

9.4.1 Opvoeringstyl (2)

9.4.2 Teikengehoor (2)

9.4.3 Rekwisiete, dekorstel en kostuums (4)

9.4.4 Tegniese aspekte (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African